PROJEK

Doel

Om diens te lewer en praktiese ondervinding op te doen oor spesifieke temas deur dit self na te vors

Uitkoms

- Die projek sal die uitkoms bepaal
- Elke jaar van jou Verkennerloopbaan sal 'n spesifieke projek he

Doenwenke

- Soek vir geleenthede by elke projek vir praktiese ondervinding
- Verbeel jou jy is die bestuurder van 'n projek en jy moet dit laat slaag
- Onthou: dit gaan nie oor die grootte van die projek nie maar twee dinge is belangrik:
- Die impak wat jy maak met die projek
- Die kwaliteit van die projek en die standaard waarop jy dit doen
- Soek ook vir geleenthede waar jy kan diens lewer

Slaggate

- As jy nie die erns van die projek besef nie
- As jy die projek half doen
- As jy nie deeglik beplan nie
- As jy te veel wil doen en nie by alles kan uitkom nie

Jou span gaan gedurende die jaar 'n projek beplan, aanpak en voltooi. 'n Projek is 'n taak wat die hele span saam moet doen en wat minstens ses [6] ure van elke spanlid sal neem om af te handel (beplanning uitgesluit).

BELANGRIK:
Die projek moet 'n diens lewer aan jou *kommando*.

Waarom 'n projek?
Die bekende skrywer William M. Beecher het eens gesê:
"Dit is nie die groot take wat ons opneem wat ons lewe verryk nie; ons word verryk juis deur die dinge waarvan ons bereid is om afstand te doen ter wille van ander."

Om diens te lewer is vir ons baie belangrik in Die Voortrekkers.

"'n Voortrekker is diensvaardig" sê ons Voortrekkerkode. Dit beteken dat jy bereid moet wees om jou hand uit te steek om jou naaste te help; nie net wanneer dit jou pas nie, maar wanneer jou naaste dit nodig het. Dit is 'n opdrag wat Jesus Christus self vir al sy volgelinge gegee het. Daarom moet jy dit met vreugde doen, want daardeur betoon jy jou dankbaarheid vir alles wat God vir jou doen.

Tydens jou inlywing as Verkenner het jy as deel van jou Verkennerbelofte belowe om "jou volk, jou land en jou medemens te dien…." Die gesegde lui: "liefdadigheid begin by die huis" en daarom gaan ons juis hierdie jaar aandag skenk aan ons kommando met ons dienslewering.

Jy sal gedurende die projek besef dat daar verskeie aspekte is waaraan aandag gegee word en dat jy die geleentheid gaan kry om dit uit te leef. Hier dink ons aan leierskap, selfdissipline, nederigheid en 'n intense behoefte om ander te help eerder as om aan jouself te dink.

Jy is nou een van die senior jeuglede in die kommando en juis daarom is dit nou vir jou belangrik om 'n voorbeeld aan al die jonger jeuglede te stel met jou onbaatsugtige dienslewering.

Hoe moet die projek lyk?
Kom nou, wees kreatief en gebruik al daardie opgekropte kreatiewe denke wat jy en jou spanmaats het en skep en beplan 'n geleentheid vir julle kommando en al die lede waar julle die nodige organisasiewerk kan doen en

terselfdertyd Voortrekkers in julle gemeenskap bemark.

Vereistes:
Die projek moet aan die volgende vereistes voldoen:

1. Julle moet al die beplanning vir die projek doen
2. Ander spanne kan betrek word by die projek
3. Dit moet 'n hoë profiel aktiwiteit wees waar die gemeenskap deeglik sal kennis neem van Voortrekkers
4. Die finale beplanning moet deur die span aan die Kommandodagbestuur voorgelê word
5. Dit moet 'n fondsinsamelingsgeleentheid wees vir die Kommando
6. Die aktiwiteit moet oor minstens se [6] ure strek

Julle kan hierdie vereistes gebruik om riglyne daar te stel om by julle finale doelwit uit te kom. As julle besluit het wat julle wil doen, gaan bespreek dit eers met die betrokke Veldkornet/Adjunkkommandoleier [Verkennersake] of selfs die Kommandoleier, aangesien die Kommandodagbestuur in elk geval die finale projek sal moet goedkeur.